



# Afrikaanse Protestantse Kerk

---

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:

Ds. J.L. Schütte

[direkteur@apk.co.za](mailto:direkteur@apk.co.za)

28 Oktober 2021

## OMSENDERBRIEF 10/2021

### 1. SINODE DATUM; 2. TRAKTEMENTSKALE 2022; 3. REISKOSTE

**Aan alle leraars en skribas**

Geagte broeders

#### 1. DATUM VIR SINODE 2022

Ons wil baie graag die volgende regstelling onder u aandag bring. In die vorige omsendbrief (9/2021) is die datums vir die beoogde sinode verkeerd aangedui. Soos in die WhatsApp kennisgewing aan saakgelastigdes meegedeel, is die regte datums Maandag 29 Augustus 2022 tot Vrydag 2 September 2022. Ons vra om verskoning vir enige verwarring wat dit dalk kon veroorsaak. Tenders vir die aanbied van die sinode moet asseblief voor Vrydag 28 Januarie 2022 ontvang word.

#### 2. TRAKTEMENTSKALE: 2022

Tydens 'n vergadering gehou op 26 Oktober 2021 het die Gemeenskaplike Kerkkantoor kommissie (GKK) op 'n verhoging van 6.0% besluit.

Let asseblief daarop dat die aanbeveling van 6.0% verhoging slegs betrekking het op die traktementskaal. Alle ander toelae verskil van gemeente tot gemeente na gelang van elke gemeente se eie bedieningsbehoefte en elke plaaslike kerkraad moet dus die nodige aanpassings ten opsigte daarvan maak. Die GKK beveel aan dat die hersiene traktementskaal, soos hieronder aangedui, met ingang 1 Maart 2022 ingestel word.

*Die huidige (2021) en hersiene (2022) traktementskaal is soos volg:*

*Huidige skaal vanaf 1 Maart 2021 tot 28 Februarie 2022*

*R253 960 x 16 440 – 270 400 x 19 550 – 387 700 x 26 900 – 414 600.*

**Hersiene skaal vanaf 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2023**

**R269 200 x 17 425 – 286 625 x 20 725 – 410 975 x 28 515 – 439 490.**

| Jare | Huidige kerf (2021) | Jare | Hersiene kerf (2022) |
|------|---------------------|------|----------------------|
|      | R                   |      | R                    |
| 1    | 253 960             | 1    | <b>269 200</b>       |
| 2    | 270 400             | 2    | <b>286 625</b>       |
| 3    | 289 950             | 3    | <b>307 350</b>       |
| 4    | 309 500             | 4    | <b>328 075</b>       |
| 5    | 329 050             | 5    | <b>348 800</b>       |
| 6    | 348 600             | 6    | <b>369 525</b>       |
| 7    | 368 150             | 7    | <b>390 250</b>       |
| 8    | 387 700             | 8    | <b>410 975</b>       |
| 9    | 414 600             | 9    | <b>439 490</b>       |

Ten opsigte van proponente wat na afloop van legitimasie beroep word, beveel die GKK aan dat die hersiene kerf vanuit die staanspoor op die beroepsbrief vermeld word en dat daar dan geen verhoging op 1 Maart 2022 gegee word nie.

Die ooreenkoms wat die gemeentes met mekaar in die kerkverband het is dat alle leraars, in soverre dit vir die plaaslike kerkraad moontlik is, jaarliks op 1 Maart die inflasie- sowel as die jaar-kerf aanpassing ontvang, totdat Kerf 9 bereik word. Die veronderstelling is dat alle leraars na 9 jaar se diens in die kerkverband dieselfde basiese traktement ontvang.

Ter illustrasie beteken die aanbeveling in praktyk dus dat 'n leraar wat tans 'n jaarlikse traktement van R329 050 ontvang, se traktement verhoog word na R369 525.

Daardie leraars wat reeds op die topskaal van Kerf 9 traktement ontvang (2021 was dit R414 600), ontvang slegs die aanbevole persentasie-aanpassing (dus vanaf 1 Maart 2022 R439 490).

Die GKK vertrou dat gemeentes waar predikante voltyds in diens is, sulke predikante **nie minder gunstig** as ooreenkomstig die aanbevole traktementskaal en die aangeduide aanpassings sal vergoed nie.

Die fondsverjaardag van die Pensioenfonds is 1 Maart van elke jaar en daarom poog ons om die salaris-/traktementverhogings ook vanaf hierdie datum te laat plaasvind, om te voorkom dat daar elke maand nuwe inligting aan die administrateur, aCravest, gegee moet word. Hierdie kantoor is verantwoordelik vir die oorbetalings van die pensioenfonds ledegelde aan aCravest en

dit sal waardeer word indien u besonderhede van die hersiene traktamente wat aan u predikant(e) toegeken is, so spoedig moontlik, maar nie later nie as 31 Maart 2022 aan afdeling Finansies by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan verstrek.

### **3. VERHOGING VAN REISKOSTETARIEF OP 1 JANUARIE 2022**

Die lasgewing van die Gemeenskaplike Kerkkantoor kommissie (GKK) bepaal onder andere dat daar van tyd tot tyd oor reiskostetariëwe besin word, die reiskostetarief vir permanente kommissies vasgestel word en **aanbevelings** aan kerkrade en ringe gedoen word.

Die lasgewing is 'n staande punt op elke GKK-vergadering. Die berekening van die reiskostetarief word volgens die AA-Tabelle gedoen op 'n verskeidenheid van voertuie. Die vorige reiskostetariefverhoging het in werking getree toe die petrolprys R13 per liter was. Intussen het die petrolprys met omtrent 45% gestyg en daarom moes dit hersien word.

Die GKK het op die vergadering van 26 Oktober 2021 besluit om die tarief te verhoog na R5.50 per kilometer vanaf 1 Januarie 2022 vir permanente kommissies en beveel ook so aan vir kerkrade en ringe.

Gevolgtrekke word dat die minimum reiskoste wat per maand aan 'n leraar betaal word, ten einde sy pligte te kan nakom, verhoog word na R5,500.00 per maand vanaf 1 Januarie 2022. Dit sal natuurlik na gelang van elke gemeente se eie omstandighede verskil, maar die gemiddeld in die kerkverband is dat leraars ongeveer 1000km per maand vir amptelike werk aflê.

Met agting en seënwense

GJJ van Rensburg

**n. DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE**